2.2 DIE MEERSTAMMIGE PLATKROONSTYL:



- **Die Raamtakke ontspring vanaf dieselfde basis en reik ewe ver uit om voldoende sonlig te kan kry.**

3. ALGEMENE WENKE:

3.1. POTTE:

- **As gevolg van die diep wortelstelsel floreer die Akasias in dieper potte. Die algemene reëls oor die diepte van potte kan dus in die geval van die Akasias geïgnoreer word.**
- **Ovaalvormige potte komplimenteer gewoonlik die Pierneefstyle.**
- **Vermy kleurvolle potte en konsentreer op aardkleurige potte.**
- **Plant jong bome in groot groeipotte om maksimaal te kan ontwikkel.**

3.2. GRONDMENGSELS:

- **Akasias hou van 'n sanderige grondmengsel.**
- **Vermy kleigrond, aangesien dit fynwortelgroei belemmer wat weer fyn takgroei vertraag.**

3.3. WATERTOEDIENING:

- **Pas waterbeheer toe in die aktiewe groeiseisoen ten einde die internodes kort te hou.**
- **Te veel water veroorsaak dat mos begin vorm. Dit veroorsaak 'n té digte grondkombers met 'n nadelige uitwerking op die fyngroei van die Akasia.**

3.4. ALGEMENE GROEIWENKE:

- **Akasias hou van 100% sonlig en moet nie binneshuis aangehou word nie.**
- **Saad ontkiem vinnig nadat vars saad vir ongeveer een maand in die yskas gebêre is. Voordat dit geplant word kan dit ook oornag in kookwater geweek word.**